## SONDAG 30 JANUARIE 2022

# AFSKEIDSPREEK



### Ds. Callie Visagie | 09:00 in die kerk en aanlyn

Die familie- en meditatiewe dienste skakel om 09:00 by die oggenddiens in sodat ons as gemeente van ds. Callie Visagie kan afskeid neem. Ds. Visagie was 24 jaar in die gemeente werksaam en tree op 31 Januarie af. Ds. Johan Visser is in sy plek beroep.

### Na die diens

Ons nooi lidmate om na die diens in die teetuin-area asook in die kafeteria saam te kuier.

### Kategese

Annibrand Junior vergader vanaf 10:00 tot 10:45 in die kleinsaal en die senior groep ontmoet om 18:00 in die kerk.

### Relevantdiens

Om 18:00 in die kerk met kategese daarna.

## SONDAG 6 FEBRUARIE 2022

Ds. Johan Visser is in 2021 na die gemeente beroep en word op Sondag 6 Februarie om 09:00 in die gemeente bevestig. Die familie- en meditatiewe dienste sal ook by sy bevestigingsdiens inskakel. Ons verwelkom graag vir Johan, sy vrou, Nicola en hulle drie kinders in Stellenberg-gemeente.

## KATEGESE-REGISTRASIE 2022

Registreer asseblief jou kinders aanlyn vir 2022-kategese. Volg die skakels op www.stellenberg.co.za. Dit is ’n vinnige proses. Ons doen ’n beroep op ouers om asseblief alle kinders vir kategese te registreer, al was hulle voorheen by die kategese ingeskakel. Ons wil graag weet vir hoeveel kinders ons voorsiening moet maak.

## BYBELSTUDIEGROEP VIR HUISWERKERS

Ons nooi huiswerkers wat in die omgewing woon om by die Bybelstudiegroep in te skakel. Die groep word elke tweede Donderdagaand van 18:30 tot 20:00 in die markplein aangebied. Ons doen saam Bybelstudie en kuier lekker saam na die byeenkoms. Nuwe lede is baie welkom. Kontak gerus vir Anéne Nortier vir meer inligting by 083 581 6930.

## MANNEBRAAI EN LOFSPRYSINGSAAND

Die mannebediening nooi alle mans in die gemeente en ook diegene buite die gemeentegrense na die mannebraai en lofprysingsaand op Vrydag 18 Februarie om 18:00 in die markplein en die kerk. Koste R50 per persoon. Bespreek jou plek by lindy@stellenberg.co.za, of stuur ’n WhatsApp na ds. Why Duvenhage by 082 570 5931.

## NUWE LIDMATE

Meld asb. Sondag na die diens by een van die gemeenteleraars, of die inligtingstafel op die terrein aan, of stuur jou besonderhede aan odette@stellenberg.co.za. Ons wil jou graag persoonlik verwelkom.

## ’N DAAGLIKSE GEESTELIKE DAGSTUK

’n Geestelike dagstuk is vir elke dag van die jaar op ons aanlyn platforms (webwerf, YouTube-kanaal en Facebookblad) beskikbaar. Indien jy na die stemboodskap op jou selfoon wil luister, WhatsApp jou naam + stemboodskap na 081 045 2428 of skandeer die QR-kode met jou WhatsApp-kamera om by die groep aan te sluit.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, ’n besigheids- en lewensafrigter, asook ’n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus ’n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur ’n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## GEMEENTEBRAAI OP VRYDAG 4 FEB

Alle lidmate, veral diegene wat nuut by die gemeente aangesluit het, word uitgenooi na die gemeentebraai op Vrydagaand 4 Februarie. Dit is 'n heerlike informele geleentheid waar 'n mens ander lidmate kan leer ken. Bring jou eie vleis, drinkgoed, slaai, eetgerei en glase. Kole word voorsien en sal vanaf 19:00 gereed wees.

## BYBELSKOOL | EERSTE KWARTAAL

Die Bybelboek Romeine word as die hoogtepunt van Paulus se bediening beskou. Kom verken saam met ons hoe die boodskap in Romeine – van God se genade – opnuut vir jou lewe in 2022 oopgebreek kan word. Die kursus word op Maandagaande vanaf 21 Februarie tot 14 Maart om 19:00 in die kerkgebou deur ds. Marius Breytenbach aangebied. Koste: R30 vir die handleiding. Besprekings by karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Die kursus sal ook aanlyn op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees.

## BASAAR VRYDAG 4 MAART OM 15:00

Ons gaan weer soos van ouds basaar hou met lekker kos en vermaak vir die hele familie. Helpers word benodig, asook skenkings van suiker, kaneel, rys, konfyt, kaas en kontantbydraes om lamsvleis aan te koop. Meld asb. jou hulp by Karen Visagie (feesmark@stellenberg.co.za/082 827 9389) aan. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon deur 'n WhatsApp of 'n Telegram-boodskap met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 2 Feb. 14:30

Jeremia 17: Maak U my gesond, asseblief Here.

### HUISDIENS

Sondag 30 Jan. 18:00

2 Kor. 4:5-15: Breekbaar! Hanteer versigtig, asseblief!

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue het weer hervat en kom elke Maandagoggend om 10:00, tydens die skoolkwartaal, in die kleinsaal bymekaar. Daar is ook 'n biduurbyeenkoms om 08:15 in die gebedskamer langs die kapel.


### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 7 Februarie om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2021

Ons is opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat tot die spesiale insameling bydra. Lidmate se getrouheid en bereidwilligheid het tot gevolg dat die insameling bo verwagtign goed vertoon. Bydraes kan steeds tot einde Februarie 2022 gemaak word. In die gees van DANKBAARHEID gee ons soos in die Ou Testamentiese tye 'n tiende terug aan die Here, omdat alles wat ons ontvang, as 'n gawe uit sy hand beskou word. Stellenberg streef ook daarna om 'n derde van ons inkomste na buite aan te wend. So vorder die insameling:




**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

## VATVYF-VRUGTEFEES

Alle lidmate bo 60 jaar word uitgenooi om by die VatVyf-groep se vrugtefees op Woensdag 16 Februarie om 10:00 in die markplein aan te sluit. Bespreek jou plek vir die gesellige saamkuier by Anneke 021 976 4519 voor Maandag 14 Februarie. Toegang is gratis.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### VRYWILLIGE HELPERS VIR DIE KAFETERIA

Ons benodig vrywillige helpers wat bereid sal wees om ongeveer een keer elke ses weke op Sondae by die kafeteria behulpsaam te wees. Kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om jou hulp aan te bied.